Tenebrae Oordenking
12 April 2017

Tenebrae op Maundy Donderdag.

Jy word gevra om tydens die Tenebrae diens daaroor na te dink dat dit die Donderdagaand voor Goeie Vrydag was, dat Jesus en sy dissipels vir die laaste keer saam was, toe Hy en hulle reeds in die skaduwee van die kruis gewag het.

Die voortgaande uitdowing van die kerse is simbolies van die toenemende duisternis wat oor Jesus gekom het, die aand toe sy dissipels Hom in die steek gelaat het, toe Hy die bitter haat van sy vyande en die verraad en verloëning uit sy eie kring ervaar het, toe Hy bloed in Getsémané gesweet het en die duisternis aan die kruis steeds nader en nader gekom het, totdat Hy uiteindelik van God verlate aan die kruis gehang het en gesterf het. Die oomblikke van totale duisternis aan die einde van Tenebrae herinner ons daaraan dat Hy toe in die graf weggelê is.

Die doel van die diens is om iets van die verlatenheid en hartseer van al hierdie gebeure te ervaar en die diens word onvoltooid verlaat, want niks is afgehandel voor Paassondag nie. Ons verwag nie 'n gelukkige einde môre of oormôre nie, maar ons verwag om te hoor van God se liefde en genade vir ons sy mense, so grafies illustreer deur die smart van ons Heer.

Om Paassondag kerk toe te kom sonder die Tenebrae en Goeie Vrydag ervaring, is soos om na die gelukkige einde van 'n spanningsverhaal te kyk, sonder die afwagting wat die begin en die vrees en hartseer van die "plot" wat in die middel ontplooi word. Jy beroof jouself van die intense vreugde aan die einde, op die heerlike Opstandingsdag.

Jy sien,

- Daar kan nie geloof deur die hoor van die Woord wees, sonder om te luister na wat Jesus aan die kruis vir my sê nie.
- Daar kan nie die vreugde van versoening wees, sonder die dood van die Offerlam nie.
- Daar kan nie volledige lewensvreugde wees, sonder die verskrikking van die dood van die Redder nie.
- Daar kan geen vreugde in die Paradys wees, sonder die godverlatenheid van die Verlosser nie.
- Daar is geen vergifnis sonder die bitter pyn van berou nie.
- Daar is geen genade en ontferming, voordat God se oordeel deur sy Seun gestil is nie.
- Daar is geen verlossing, as God nie verlossend handel deur die dood van sy Seun nie.
- Daar is geen vreugde van dankbaarheid, sonder danksegging, ontsag, aanbidding en gebed nie.

Ervaar die verskrikking van die dood van Christus tydens die Tenebrae diens en as ons op Goeie Vrydag bymekaar kom, sodat die heerlike hoop en vreugde van die opstanding van Jesus Christus op die wonderlike Dag van die Here, Sondag, jou deel sal wees.